

**Redaksie**

Ds. E. Viljoen, Bellville  
emyn04@gmail.com  
Ds. J. van der Linden, Johannesburg  
jopie1976@gmail.com

Augustus 2010 **Nommer 95**

## INHOUDS OPGAWE

**Christen wees in vandag  
se wêreld ...1**

**Liefde ...4**

**Kerkgeskiedenis:  
verpligte vak vir  
Christene? ...5**

### CHRISTEN WEES IN VANDAG SE WÊRELD

*P Niemeijer*

*Wees nie alte regverdig en hou jou nie buitengewoon wys nie; waarom sou jy jou ten gronde rig? Wees nie alte goddeloos, en wees nie dwaas nie; waarom sou jy sterwe voor jou tyd?*

*Prediker 7:16, 17*

#### Rekening hou met die sonde?

‘Wees nie alte regverdig nie’.

Ons is geneig om dit as voortreflike advies te beskou vir die Christen in vandag se wêreld. Die samelewing het nou eenmaal so geword dat, indien jy te alle tye aan God se gebooie sou wou vashou, jy mal sou raak. Dat ons samelewing so geword het is ‘natuurlik nie reg’ nie. Dit is ook ‘betreurenswaardig’, maar dit is ‘realiteit’. Kyk maar na jouself. Wat se sonde, watter gebreke, wat se onvolkomenheid sien jy raak, as jy eerlik na jouself kyk. Die sonde laat hom nie wegredeneer uit ons wêreld nie. Daar is niemand so regverdig dat hy goed doen sonder om te sondig nie. En daarmee sal ons moet rekening hou. Hoe graag jy dit ook anders sou wou hê, dit is presies soos die Prediker gesê het: ‘Wees nie alte regverdig nie’. Moet dit nie so ernstig opneem nie.

Ja? Is dit die boodskap wat Prediker met Christene in hierdie wêreld wil deel? Prediker is inderdaad wys genoeg om nie idealisties te wees nie. Tog is dit nie waaroor hierdie teks gaan nie. Ek sal probeer om dit duidelik te maak.

As Prediker sê: ‘Wees nie alte regverdig nie...’, gaan dit nie oor die manier waarop ons ons lewens inrig nie, maar oor die manier waarop ons met die loop van die reg in ons wêreld omgaan. Prediker waarsku ons daarvoor om nie vanuit ons dilemmas die Here na te reken nie, juis as ons sien hoe regverdiges jonk sterf en goddeloses lank lewe. (Pred 7: 15).

Opvallend is verder, dat Prediker baie keer eensydig aangehaal word. Hy sê nie slegs: ‘Wees nie alte

regverdig en hou jou nie alte wys nie'. Hy sê ook: 'Wees nie al te goddeloos, en wees nie dwaas nie'. Hierdie laaste uitspraak kom aanmerklik minder in die volksmond voor.

Met hierdie laaste uitspraak is Prediker se bedoeling beslis nie: 'n bietjie goddeloos is aanvaarbaar nie. Nee, hy waarsku dat op goddeloosheid en dwaasheid die doodstraf te wagte is. Wees nie alte goddeloos, sê hy, en wees nie dwaas nie; waarom sou jy voor jou tyd sterwe? Hoe erger jy sondig, hoe groter die kans op 'n vroegtydige einde. Die sonde word in Prediker nie as onskuldig voorgestel, of die erns daarvan verdoesel nie.

Die gevolgtrekking wat Prediker maak is nie: hou rekening met sonde nie. Dit sou immers nie evangelie wees nie. Dit is immers nie bevrydend nie, maar angsaanjaend dat ons almal sondaars is! Prediker plaas ons op 'n heel ander spoor: vrees God! (Pred 7:18) Dan ontkom ons aan ten gronde gaan en 'n vroegtydige dood. Dit is evangelie!

### Die regte middeweg kies?

'Wees nie alte regverdig nie' sê Prediker dus. Hy voeg daarby: 'wees nie alte goddeloos nie'

Die Bybelgenootskap van Suid Afrika het bo hierdie hoofstuk as opskrif geplaas: 'Matigheid die beste'.

Oppas vir uiterstes, sou die boodskap van Prediker wees. Wees gematig. Soek na die regte balans. Moenie polariseer nie, maar relativeer en kombineer. Probeer die een sonder om aan die ander afbreuk te doen.

Ook so 'n verklaring van Prediker se onderwysing sit die pot mis.

Want dit gaan vir Prediker nie oor die inrigting van ons lewensstyl nie, maar hy praat oor probleme wat die wêreld aan ons stel ten opsigte van die verloop wat die reg het in hierdie wêreld. (Pred 7:15).

Vervolgens val die eienaardige formulering van Prediker op: 'wees nie alte regverdig' en 'wees nie alte goddeloos nie'. Regverdig en goddeloos is nie begrippe waarvoor jy die woord 'alte' of 'baie' sou kon plaas nie. Dit is vreemd as die Prediker sê dat ons nie te regverdig en nie te goddeloos moet wees

nie. In die Bybel staan die begrippe 'wys' en 'dwaas' en 'regverdig en goddeloos' immers altyd as absolute teenstellings, en is dit duidelik tot watter een van die twee die Here ons oproep. Die vreemde formulering maak duidelik dat ons met 'n raaiselspreuk te doen het. Ons moet dieper grawe.

Daar is nog iets wat opval. Goddeloosheid en dwaasheid kan nooit saamgaan met godsvrug nie. Normaalweg in die Bybel gaan regverdigheid en wysheid op in godsvrug. Die vrees van die Here is immers die begin van die wysheid. Die vreemde is dat Prediker skryf dat hy wat God vrees aan die verleiding ontkom om te regverdig en te wys te wees (vers 18). Ook dit maak duidelik dat Prediker die woorde 'regverdig' en 'wys' nie in die normale skriftuurlike sin gebruik nie. Dit gaan hier oor 'n vorm van regverdigheid wat losstaan van godsvrug en geloof. In die dilemma tussen 'te regverdig' en 'te goddeloos' gaan dit om 'n dilemma waarin geen rekening met God gehou word nie. Dit is twee wêreldse reaksies op God se reg.

**Dit is immers nie bevrydend nie, maar angsaanjaend dat ons almal sondaars is! Prediker plaas ons op 'n heel ander spoor: vrees God!**

Prediker wys sowel 'te regverdig' en 'te goddeloos' af. Daarmee is dan ook die kombinasie of 'n tussenposisie van die twee afgewys. Die goeie kan nie gevind word deur twee kwaadhede te kombineer of te balanseer nie. Die goeie vind ons *teenoor* die kwaad, deur 'n diep kloof geskei. Dat goed en kwaad vir die natuurlike oog soms naby mekaar lê, maak nie ongedaan dat die goeie regtig iets uit 'n ander wêreld is nie!

Prediker se boodskap is dan ook nie: kies die goue middeweg nie, maar sy boodskap is: vrees God. Moenie wyfel tussen links en regs nie, maar soek as 'n van-bo-geborene die dinge wat bo is (Joh 3). En daarin mag jy 'oorvloedig' en selfs 'meer oorvloedig' wees (1 Kor 15:58; Fil 1:9)

**Laat ons leer om die staf wat ons tugtig te soen, en dit lief te hê**

- J Bunyen

## Wêreldse reaksies

Laat ons nou kom tot wat Prediker myns insiens wel bedoel.

Prediker het gekonstateer dat deug nie altyd dadelik beloon word nie, net soos kwaad nie altyd onmiddellik gestraf word nie. Die een wat reg is, word nie altyd sigbaar deur dit wat met hom gebeur nie. Inteendeel. Dikwels sit hulle wat na God se woord wil leef, juis in die hoek waar die klappe uitgedeel word, en nie hulle wat 'n losbandige lewe van plesier lei en hulle weinig steur aan God en sy gebod, nie.

In so 'n situasie kan ons reageer met 'n totale verabsoluttering en verafgoding van die reg. Eintlik verhef ons dan die reg tot bo God self – 'alte regverdig'! Die Here word onderwerp aan menslike opvattinge van reg en onreg. Die Here word dan krities tereggewys. Of gevolgtrekkings word gemaak wat, soos die vriende van Job, totaal verkeerd is. Die mens raak verstriek in sy eie teorieë en verklaringsmodelle.

**Prediker se boodskap is dan ook nie: kies die goue middeweg nie, maar sy boodskap is: vrees God.**

Daar is nog 'n reaksie wat hier aandag verdien. Die jaag na geregtigheid word 'n obsessie. Mense kan dit nie kleinkry dat onreg nie dadelik gestraf word nie. Hulle byt vas aan hulle standpunt. Die onreg moet en sal aan die kaak gestel word en reg sal geskied. Alle proporsies word uit die oog verloor - 'alte regverdig'! Hulle offer hulle hele bestaan hieraan op. Hulle raak verblind. Dit beheers hulle hele lewe. En terwyl die saak se dossiere groei, koel die vreugde af.

Die houding kom nie net buite die kerk voor nie. Ook daarbinne. Soos Prediker ook binne Israel opgetree het! Wie kan sê hoeveel man-ure (man-jare) en hoeveel geld daar in die loop van jare ingesit is deur mense wat alles geweet het van die reg van die Here, die saak van die Here en die stryd van die Here. Maar ondertussen het hulle dit te gering geag om 'n konflik in die hand van die Here te lê, en hulle het dit as 'n swakheid gesien

wanneer daar rus en vrede by God se hart gesoek word in tye wat daar onregverdig gely word.

Dit wys Prediker af. Moenie die reg bo God plaas nie. Moenie daarvan 'n afgod maak nie. Moenie alles in jou lewe daarvoor opoffer nie. Moenie 'te regverdig' wees nie en al jou skerpsinnigheid gebruik om veral jou eie reg te bewys nie.

Dat onreg nie dadelik gestraf word nie, kan ook reaksie in die teenoorgestelde rigting uitlok. As God so baie onreg toelaat, dan wil ek niks meer met Hom te doen hê nie. En as onreg tog nie gestraf word nie, maar oënskynlik toegelaat word, sal ek my dan nog verder steur aan wette en reëls?! Dan gaan ek eerder alle kanse gebruik om myself te bevoordeel.

Prediker noem hierdie tweede reaksie goddeloos en dwaas. Waarskuwend klink sy vraag: 'Waarom sou jy sterwe voor jou tyd?' Daar is terdeë 'n God wie jou hoor en sien, en reg sal laat geskied!

## Vrees God

Teenoor beide genoemde reaksies wys Prediker op die weg wat *boontoe* voer. Moenie die reg verafgod nie. Moenie jou verskans agter jou vermeende reg nie. Moenie jou deur goddeloosheid laat verlei deur frustrasie oor alle onreg wat gepleeg word nie. Moenie begin by wat jy onder die son waarneem nie, maar neem as uitgangspunt wat die Here oor Homself in sy Woord openbaar. Bewys aan Hom liefde en ontsag. Begin daar. Dit is die begin van alle wysheid. Die enigste houding wat pas. Hand voor die mond voor sy majesteit.

Vrees God, sê Prediker. Hy doen geregtigheid. Nie altyd dadelik soos ons dalk graag sou wou sien nie. Hy is lankmoedig. Maar sy dag kom beslis. Wees stil voor Hom en wag die tyd af wat Hy sy Waarheid en Reg sal laat geskied (Ps 37: 3-7), en sy engele die koring van die onkruid sal laat skei (Matt 13).

Vrees God. Dit is: erken Hom as die Regter wat onpartydig sal oordeel volgens almal se werke (1 Petrus 1:17). Daardie erkenning bewaar jou daarvoor om jou 'reg' 'n obsessie te maak en jou in jou saakdossiere in te grawe. Jy weet dat die Here eendag sy oordeel sal vel. Daarin vind jy rus al moet jy onreg ly. Dan koester jy nie jou 'reg' en klou

**Mense verwerp nie die Bybel omdat hulle foute daarin vind nie, maar omdat dit foute in hulle vind.**

- Onbekend

verbete daaraan vas nie. Laat dit in die hande van die Here. Jy hoef nie te veg vir jou reg en geregtigheid nie. Die Here sal regverdig oordeel. En Hy sal daarby alle omstandighede en faktore in ag neem, nie net uit jou lewe nie, maar ook uit die lewe van die naaste deur wie jy veronreg is.

Omdat ons dit glo, is ons in ons pasoppens vir die ander uiterste. As kerkmense (vir hulle het Prediker tog geskryf?) nie rekening hou met God se oordeel nie, kan hulle sommer oorslaan na die sonde (Vgl 1 Kor 5). Dan is die remme los. Wie kan meer venynig wees teenoor die Here as juis dié wat hulle Christelike opvoeding weggegooi het? Geld in sulke situasies nie juis Prediker se ‘te goddeloos’ nie?

**Christen wees in vandag se wêreld. Dit is nie: goed rekening met die sonde hou nie, maar: gelowig rekening hou met God.**

Wie bewus heenleef na die dag waarop die Here deur Christus die wêreld sal oordeel, sal waak teen goddeloosheid en dwaasheid. Hy weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring (Pred 11:9).

Om jou eie reg in die hande van die Here te gee en om afkeer te hê vir wêreldse vermaak, is nie dwaas en slap nie. Die vrees van die Here is die begin van alle wysheid! Wie die roer van sy lewe in die Here se hande gee en rekening hou met sy oordeel op die jongste dag, staan sterk. Hy mag vir mense baie kwesbaar lyk, maar die geloof maak so iemand sterker as tien maghebbers wat in die stad is (Pred 7:19).

### **Ken jouself**

Prediker ken die wêreld en die lewe. Hy weet hoe elke mens by onreg geneig is om vanuit homself te redeneer en sy eie opvatting norm te maak. Elkeen voel nou eenmaal sy eie pyn die beste. Dis moeilik om jou in te dink hoe jou optrede ander sal raak en watter emosies dit kan oproep. As jy onreg ly kan jy dit moeilik relativeer.

Prediker wys ten slotte daarop dat ons ook in die

gerig sal kom (Prediker 7:20-22). Ons kan baie woorde oor ander hê, maar besef ons dat ons ook voor die regterstoel van Christus sal staan? (Vgl Matt 7:1, 2). Laat dit ons beskeie maak en ons toevlug des te meer by die Here Jesus Christus neem, as versoener van ons sondes. Wie dit doen kan uitstyg bo al die gekibbel van hier op aarde.

Christen wees in vandag se wêreld. Dit is nie: goed rekening met die sonde hou nie, maar: gelowig rekening hou met God. En met sy oordeel. Vir ons mense-oog kan dit lyk of daar ’n middeweg (tussen ‘te regverdig’ en ‘te goddeloos’) gekies kan word. Die wat glo weet beter: dit is ’n radikale ander pad. Nie steier tussen twee kwaadhede onder die son nie, maar jou laat regeer vanuit die hemel deur ons goeie God, wie se werk vir ewig is (Pred 3:11). Nie halfhartig steier tussen twee gedagtes nie, maar ’n lewe wat suiwer en uit een stuk is (1 Kor 5:8). Geen kompromis, radikaal vir die Here.

## **LIEFDE**

*J.P. Versteeg*

*“En nou bly geloof, hoop, liefde – hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde”*

1 Kor. 13: 13

Van altyd af en oor die hele wêreld word gepraat, gedink en gesing oor die liefde. In allerhande verbande en tale kan die woorde: ‘liefde’, ‘love’, ‘amour’, ‘Liebe’ gehoor word.

Daar is ‘n hele aantal bekende woorde wat tog deur verskillende mense verskillend geïnterpreteer word. Die woord “liefde” is ongetwyfeld een van daardie woorde. Daar is veral twee opvattinge omtrent die betekenis van die woord “liefde” wat ons duidelik van mekaar moet onderskei. Dit is die Griekse en die Bybelse opvatting. Hoe praat ons oor die liefde? Op die Griekse of op die Bybelse manier? Oor hierdie saak – net soos op baie ander sake – is ons dikwels geneig om meer Grieks as Bybels te praat en te dink.

**Mense kan vir ure praat oor die kerk wat te liberaal of te konserwatief is, sonder dat die Christus-van-die-kerk ook maar een keer genoem word – en dit terwyl alles in die kerk oor Hom gaan!**

- D de Jong



Dit is tiperend van die Griekse opvatting omtrent liefde dat daar altyd iets in die ander moet wees wat maak dat ek die ander liefhet. Die ou Griekse wysgeer Aristoteles het gesê dat niemand geliefd kan wees wat nie die liefde werd is nie. Bietjie verder sê hy dat niemand kan verwag om liefgehê te word, “as daar nie in hom iets is wat die toegeneentheid wek nie”. Dit kom dus daarop neer, dat ek iemand net kan liefhê as ek in die ander iets sien en ook of die ander iets vir my beteken. Die liefde kan nie van een kant kom nie. Die logiese gevolgtrekking hiervan is, wat ‘n ander Griekse wysgeer uit die oudheid, Plato, gesê het, dat die gode nie kan liefhê nie. Die gode besit immers alles. Hulle kan nie in die ander iets raaksien nie en hulle kan nie van die ander iets wil hê nie, omdat hulle self alles besit.

Die teenstelling met die Bybelse uitsprake oor die liefde word hier baie duidelik. Terwyl Plato sê: “die gode kan nie liefhê nie”, verseker die Bybel ons baie stellig: “God is liefde” (I Joh. 4:16). Dit beteken: God kan nie anders as om lief te hê nie. Na sy aard en wese moet Hy liefhê. Dit kan in die Bybel so gesê word, omdat in die Bybel die liefde – en tereg ook - op die ander gerig is in wie ek niks sien en wie niks vir my beteken nie. Daarom staan by die Bybelse liefde, nie die gevoelens nie, maar die handeling op die voorgrond. Liefde is nie primêr ‘n saak van gevoel nie, maar van die daad.

Dit is in hierdie verband opmerklik dat daar in die Ou Testament baie meer gepraat word oor God wat liefhet as oor God se liefde. Die verhouding is 1 tot 8. Dat God liefhet word agt keer meer in die Ou Testament gebruik as wat die uitdrukking “ die liefde van God” gebruik word. Dit is beter om oor die liefde van God te praat met behulp van ‘n werkwoordsvorm. Niks laat duideliker uitkom dat dit by die liefde in die Bybel primêr om die daad gaan nie. Daarby is daardie daad ‘n daad van oorgawe, die daad van ‘n offer. Nêrens word die liefde van God ryker geopenbaar as in die daad van die oorgawe (offer) van sy Seun.

Deur hierdie liefde mag ons liefde nou gekenmerk word. Ons moenie slegs mense liefhê in wie ons iets sien en wat iets vir ons beteken nie. Ons mag

en moet ook mense liefhê in wie ons niks sien en wat niks vir ons beteken nie – tot selfs ons vyande toe. Dan word ons liefde ook ‘n *offer*. Dan moet die liefde nie verkry word uit inkomste nie, maar uit uitgewes. Soos ‘n kers sal ook die liefde brand tot dit homself verteer. So kan die liefde ook ‘n gebod word.

Sonder hierdie liefde beteken al ons doen en late niks nie. Hierdie liefde is selfs die mees opvallende kenmerk van die kerk en van alle gelowiges. Ons praat oor geloof, hoop en liefde, en dat ons hulle in hierdie volgorde gebruik is sekerlik nie toevallig nie. Geloof, hoop en die liefde vorm saam ‘n asemrowende plant. Geloof is die wortel waar hoop en liefde uit voorkom; hoop is die stingel en liefde is die blom. Die volgorde is nogtans op ‘n manier omkeerbaar. Ons kan ook praat oor liefde, hoop en geloof. Die blomme van ‘n plant sal immers eerste raakgesien word en ‘n blom trek eerste die aandag.

**omdat in die Bybel die liefde – en tereg ook - op die ander gerig is in wie ek niks sien en wie niks vir my beteken nie**

In hierdie verband is ‘n verhaal wat prof. dr. J.H. Bavinck iewers vertel het, baie van toepassing. Hy vertel dat hy die ingebruikneming van ‘n nuwe kerk bygewoon het. Daardie kerk het aan die een sykant drie vensters gehad waar geloof, hoop en liefde uitgebeeld word. Enigiemand wat die kerk ingekom en verby daardie vensters gestap het, het daardie uitbeeldings in die volgorde geloof, hoop en liefde raakgesien. Dit is die orde binne die kerk. Terselfdertyd word daarop gewys dat iemand wat buitekant die kerk verby gestap het om na die deur van die kerk te gaan, daardie vensters in presies die omgekeerde volgorde gesien het: liefde, hoop en geloof. Dit is die orde buite die kerk. Hulle wat van buite af inkom word altyd eerste geraak deur die liefde.

Dit hou ook in dat daar waar die liefde nie te siene is nie, niks te sien is nie. Ook nie geloof en hoop nie.

**Collapse in the Christian life is seldom a blowout. It is usually a slow leak.**

- PE Little

# KERKGESKIEDENIS: 'VERPLIGTE VAK' VIR CHRISTENE?

## Nie so belangrik nie?

*Is kerkgeskiedenis so belangrik? Is dit nie maar net name en feite nie? Miskien is dit interessant vir die mense wat daarin belangstel, maar dit is tog nie so belangrik vir die normale gelowige nie?*

God beskou dit wel as belangrik. Kyk na die Ou Testament. Vol van God se daade, van sondes deur God se volk gepleeg, vol van vyande en gevare. God het dit so vir ons opgeskryf, dus duidelik is dit alles baie belangrik. Sy volk moet dit onthou en daarmee besig bly. Hoekom? Om die sonde te vermy, om besied as God se volk te lewe; om in nood vir redding te smek; om saam te jubel.

So herinner Moses, op die drumpel van die beloofde land, die volk aan sy geskiedenis en aan God se groot daade: so is die God van Israel en daarom moet sy volk bly luister na sy woorde. Slegs so kan die volk werklik lewe! Hy herinner ook aan die sondes van die verlede, en rig so waarskuwings vir die toekoms (Deut 1 – 6). Laat die volk veral nie dink dat hulle dit self alles vermag het nie (Deut 8: 16 – 18). Josua, net voor sy sterwe, doen dieselfde. Die Here vernuwe sy verbond met sy volk (Jos 23 en 24). En na die ballingskap bring die Leviete met dieselfde bedoelings die gebeure van lank gelede in herinnering (Neh 9). Ook in die Psalms kry jy hierdie gedagte (sien o.a. Ps 78, 95 en 105 – 107).

En dan die Nuwe Testament! Dit toon indringend aan hoe ons met die verlede besig moet wees om nou en later te lewe. Stefanus getuig in Handeling 7 van wat die God van Heerlikheid deur die jare vir sy volk gedoen het. In die brief aan die Hebreërs beklemtoon die skrywer 'n voorval uit die geskiedenis, om sy lesers te waarsku om die voorbeeld van ongehoorsaamheid nie na te volg nie (Hebr 4: 4 – 11). Verder roep hy hulle op om in die ware geloof te volhard, en dan volg daar 'n

lang ry – nee, nie geloofshelde nie, maar van sondige mense in wie God die geloof gewerk het, sodat hulle Hom in allerlei situasies gehoorsaam het. Hulle vorm 'n groot wolk van getuies rondom ons (Heb 10:35 – 12:1). En Judas wys sy lesers op die geskiedenis om hulle oë oop te maak vir die dwaalleer van hulle eie tyd (Judas 5 - 9).

Die Nuwe Testament veronderstel dat gelowiges die geskiedenis ken. Dit vertel baie oor ontstaan en groei van die gemeentes van Christus. Gemeentestigting deur Paulus, die aanstel van ampsdraers, die versterking van die onderlinge band en die bestryding van dwaalleer. Hierdie sake hoort alles by die geskiedenis van God se kerk. Die geskiedenis gaan voort, want Christus gaan voort.

## Christus en sy liggaam

*As 'n mens Bybelstudie doen dan staan Christus altyd sentraal. Dit gee jou as gelowige moed. Daarenteen gaan dit in die kerkgeskiedenis tog oor sondige mense? Al die verhale oor stryd en skeuring maak 'n mens net hartseer en mismoedig.*

Tog kan 'n mens nie oor die hoof Christus praat, sonder om ook aandag aan sy liggaam, sy sondige gemeente, te gee nie. Hy het vir sy gemeente gesterf en lei en bewaar dit vanuit die hemel, soos Hy belowe het. Hy laat sy gemeente deur verskeie gawes groei in eenheid en kennis (Ef 4 :1-16). Christus werk sy plan uit en neem sy kerk saam op weg na die toekoms. Dit is Sy lewenswerk waarby hy sondige mense inskakel. Daardie werk wil 'n mens tog graag ondersoek?. As kerklidmaat kry jy dan eintlik skaam oor al die ontrou, die dwaalspore, die lewe sonder Hom, dwarsdeur die hele geskiedenis tot nou toe. Dit maak ons ootmoedig. Maar die treffendste is dat jou oë oopgaan vir die Here se trou, dat Hy steeds barmhartig bly sorg vir sy bruid en haar verder bring (Ef 1:15 - 23). Uiteindelik bemoedig kerkgeskiedenis ons juis werklik!

**In God se werk sien ons sy hand, maar in sy Woord sien ons sy gesig.**

## Antwoorde van gister op vrae van vandag?

*Kerkgeskiedenis is soms baie interessant, maar kan die gelowiges in die hede nie regtig verder help nie. Antwoorde van gister pas nie op vrae en dwalings van vandag nie.*

Is dit so? By kerkgeskiedenis gaan dit ten diepste steeds oor dieselfde stryd: Christus teen die satan. Die Nuwe Testament spreek van Jesus en pseudo-jesuse, apostels en skyn-apostels, oor die leer van die apostels en dwaalleer, om Jesus te volg en aan satan geen plek te gee nie (2 Kor 11:3 - 4, 13 - 15; Ef 4:27). Ons het die wapenrusting nodig, nie teen mense nie, maar teen die duiwel (Ef 6:11 - 12). Sien ook Openbaring 12 oor die stryd tussen die vrou en die draak. Daardie lyn moet ons steeds ontdek en volg. Watter pad het Christus met sy kerk geloop, dwarsdeur allerlei menslike knoeiwerk? En ook: hoe het satan steeds weer probeer om die kerk te vernietig, en waarheen het daardie verkeerde keuses gelei? Dit help vandag om die regte pad te vind en dit aan ander te toon. Die duiwel is nie baie oorspronklik nie, al verander sy taktiek voortdurend en word hy steeds gevaarliker. Gedurig sien 'n mens in die geskiedenis dieselfde dwaalspore wat God in sy Woord al aangewys het. Dan is dit goed om die gemeenskap van heiliges te gebruik en ook na jou broers en susters in die verlede te luister, na wat hulle al deur die Heilige Gees mag ontdek het.

---

**In alles wat ek skryf, skryf my ou mens saam. Maar in die heilige Skrif het my ou mens geen woord bygevoeg nie.**

**Halleluja!**

- K Schilder